J. HAASBROEK
*A.E.W. Ramsbottom, Eerste Administrateur van die Oranje-Vrystaat*
Navorsinge van die Nasionale Museum 8(2)
Bloemfontein
1992
70 pp.
R8,00
ISBN 0-947014-60-8

Om 'n leemte te vul is waarskynlik die beste rede om 'n greep uit die geskiedenis na te vors en te boek te stel, soos met hierdie werk oor dr. A.E.W. Ramsbottom, die eerste administrateur van die Oranje-Vrystaat. Volledigheidshalwe moes verkeersweë en hospitaaldienste dalk tog ingevoeg gewees het, want dit kon of 'n gaping in sy administrasie, onmoontlike finansiële implikasies, of prioriteitsbepaling geopenbaar het.

Ramsbottom moes ongetwyfeld, as eerste leiersfiguur na die storm en drang periode om Uniewording, 'n held in eie reg gewees het - te meer nog as gekyk word na sy lojaliteit tydens die Anglo-Boereoorlog en akkommoderende landboutentoonstellingtoesprake. Tog het dit weens 'n vyandige Engelse pers en skeptiese publiek nie gebeur nie. Die skrywer lewer dan ook 'n grootse bydrae tot historiese objektiwiteit in sy hantering van die Administrateur en die uiters subjektiewe Engelse pers en Engelsgesinde inwoners.

Menslikheidshalwe kon woorde soos: "verwaand" (p. 132), "skoonwas-aksie" (p. 133) en "nie vindingryke politikus" (p. 126) versag gewees het, want daar is genoeg teenargumente, waaronder woede, oortuiging en sukses onderskeidelik. Of dit egter dienstig sou wees aan objektiwiteit is 'n ope vraag.

Die skrywer handhaaf 'n puik balans tussen die meer konvensionele en moderne lekkerlees Afrikaans, terwyl die voetnote byderhand is vir die navorser, maar nie die geleentheidsleser pla nie. 'n Tekort aan veral ook sosiale en familiefoto's is 'n aanvaarbare verklaring dat slegs twee formele foto's gebruik is, dog sal 'n bonus wees indien enige wel gevind kan word. Aanhalings is op die man af en onderstreep wat beklemtoon wil word.

By geleentheid was die woordkeuse vreemd onder meer "generasie", (p. 81), "intervensie" (p. 81), "'n aanvang

neem" (p. 82) en "fleur" (p. 94), maar is dit die klein jakkalsies wat hier ook 'n puik stuk navorsing ontsier nl. tikfoute, wat ook leestekens insluit. Ons wil dit nie aan die skrywer toeskryf nie, maar liefs aan 'n misverstand tussen proefleser, tikster en drukker. "Soedoende" en "Naisonale Party" (p. 84), "Jagersontein" en "landoutentoonstelling" (p. 94), "weining" (p. 106), "vakture" en "veronagsaam" (p. 113), "skookomitees" (p. 116), "monslae" (p. 130) en "duur" (p. 132), gaan as voorbeelde.

Uit die navorsing blyk duidelik dat die medikus dr. Ramsbottom 'n versiende mens-mens was. Sy beroep op aktiewe ouerbetrokkenheid by die onderwys (p. 107) en waterbewaring (p. 101), getuig juis daarvan, dat die man 'n onderskatte bydrae vir sy tyd gemaak het.

Die bydrae is 'n waardevolle inset tot die Vrystaatse geskiedskrywing. Die volledige bronnelys dui op stewige navorsing en die sigbare objektiwiteit, veral ook in die slotbeskouing, kan nie genoeg onderstreep word nie. Die uittreksel en Engelse opsomming verhoog die waarde nog verder.

RIAAN BADENHORST
*Maatskappy vir Immigrasie, Pretoria*